**Maandag 7 April**
**Skrifgedeelte: Romeine 7:7-25**
**Fokusgedeelte: Romeine 7:12, 13**
**Die wet en sy voorskrifte is heilig en reg en goed**

Paulus gebruik meermale ’n denkbeeldige gespreksgenoot, soos hier, om sy argumente te verduidelik. En dan sê hy: ’n Mens sou die gevolgtrekking kon maak dat die wet sonde is. Maar die sonde lê nie in die wet self nie. Die wet se werk is om die sonde te ontmasker. As voorbeeld neem Paulus die tiende gebod. Dit is eers die opdrag “jy mag nie begeer nie” wat ’n mens werklik bewus maak daarvan dat dit sonde is om te begeer. Hoe sou mens geweet het dat dit sonde is om te begeer as die wet nie gesê het dit is sonde nie?

Maar, sê Paulus, die oomblik dat ek van die sonde van begeerte bewus begin word, kry die sonde ’n nog groter vastrapplek in my lewe. Al die ander slapende reuse in my lewe begin ook nou wakker word. Nou is elke soort begeerte in my aan die gang gesit (vs 8)! Dit is dus nie by die wet en sy opdragte waar die fout lê nie, maar die fout lê by myself. Die wet en sy voorskrifte is heilig en reg en goed (vs 12).

Die logiese vraag is nou: As die wet goed is, hoe is dit dan moontlik dat dit vir my die dood gebring het? Hierop is die antwoord dat dit nie die wet is wat die dood gebring het nie, maar die sonde. Die wet se doel was om my nader aan God te bring, maar die sonde het die wet misbruik en van my ’n oortreder gemaak. Deur die wet sien ons hoe skrikwekkend die sonde werklik is (vs 13). Die goeie bedoeling wat die wet dus gehad het, is deur die sonde gedwarsboom, en het ’n slegte resultaat opgelewer.

Die ergste vir Paulus is dat hierdie omkeer van goeie bedoelings ook in sy lewe afspeel. En hier verwoord hy die frustrasie van baie gelowiges deur die eeue heen. Hoe kan dit wees dat ek die goeie wil bereik, maar elke keer by die kwade uitkom? Maar in hierdie worsteling kan ek vasgryp aan Jesus Christus, wat vir al my oortredings ten volle betaal het.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1-3*

*Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)*